Tema: Wag geduldig op die vervulling van God se beloftes.

Vooraf sang
Ps. 92 – 1: 1,2,3
Ps. 146 – 2: 1,3,6.

Ontmoetingsdiens
Intreelied en Votum Sb 2 – 5: 3 (Mel: ps 18 se 2 de mel)
Seën
Loflied Ps. 89 – 2: 1,2
Geloofsbelydenis: Lees Sb 12 – 2: 1,2,3 en sing verse 4,5…

Verootmoedigingsdiens
Wet uit Eks 20
Skuldbelydenis Sing Ps. 130 – 1: 1

Vryspraak uit Jes. 44: 22,23
“Ek het jou oortredinge, jou sondes, uitgewis, hulle het verdwyn soos wolke, soos miswolke. Kom terug na My toe, want Ek het jou verlos. Juig, hemel, oor wat die Here gedoen het, jubel, dieptes van die aarde, wees bly en juig, berge en bosse, want die Here het vir Jakob, vir Israel, verlos, die Here het sy mag laat blyk."

Sing: Nuwe Sb My enigste troos (L Dekker) verse 2,3,5
Gebed

Woorddiens
Skriflesing Sagaria 1: 7 – 17
Teks: Sag 1: 12 – 17
Sing Sb 14 – 3: 4
Woordbediening.

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Gebed vir BNB
Sing in antw. op die preek: Lied 588:1,3 (mel Ps. 118)
Seën
Sing Sb 13 – 2

Geliefde brs. en srs. en kinders

Ons almal ken die verlange wat in ons harte leef dat die Here vir ons sal gee wat Hy ons beloof. Veral wanneer jy swaarkry en deur moeilike tye gaan dan verlang jy na die vervulling van die Here se beloftes. Wanneer dit dan lyk asof die Here nie reageer nie kom lê daar maklik ’n ongeduld in ons. Ons kan nie wag dat die Here die uitkoms moet gee nie. En hoe langer die Here talm, hoe ongeduldiger raak ons. Dis immers nie maklik in beproewinge nie en dis moeilik om te verstaan dat die Here beproewinge lank kan laat duur. As die golf na golf oor ’n mens kom, dan word jy moedeloos.

Die teruggekeerde Jode in Israel het ook hierdie gevoel ervaar. Die Here het hulle reeds voor die terugkeer belowe dat Hy Jerusalem weer sal opbou en dat hulle as sy volk weer ryke seëninge in hulle eie land sal ervaar. Hierdie beloftes is alreeds voor die jaar 538 gegee en nou is dit al 15 Feb. 519. Dit is nou al 19 jaar dat hulle terug is en steeds sien hulle nie die vervulling van hierdie beloftes nie.

Boonop het die profeet Haggai twee maande gelede op 18 Des 520 gepreek en aangekondig dat die Here sê: “ Ek gaan die hemel en die aarde laat bewe. [22]Ek gaan die trone van konings omgooi en die mag van die koninkryke van die nasies vernietig. Ek gaan strydwaens met bemanning en al omgooi. Perde met hulle ruiters sal omkom, die een sal die ander met die swaard doodmaak.” Hiervan sien hulle niks en hulle raak ongeduldig.

Daarom laat die Here vir Sagaria hierdie eerste visioen in die nag sien met die boodskap:
Wag geduldig op die vervulling van God se beloftes. Die volk moet wag, ons moet geduldig wag want God ken sy tyd, Hy weet wat Hy beloof het en Hy sal doen wat Hy gesê het.

In hierdie visioen, brs. en srs., kom drie sake na vore wat God vir ons in die wagtyd wil leer:

1. Ons moet werk terwyl ons wag.
2. Christus tree vir ons by God in gedurende die wagtyd
3. God sal sy beloftes vervul

Ons het verlede Sondagoggend gehoor dat die Jode moedeloos geword met die bou van die tempel en die werk laat staan het vanweë die teenstand wat hulle ervaar het en dat Sagaria hulle sterk moes aanmoedig om die werk voort te sit. Deel van hierdie moedeloosheid was die feit dat die Here beloof het dat Hy hulle vyande sal vernietig – maar dit gebeur nie. Die vyande kry dit reg om die lewe vir hulle moeilik te maak. Hoekom laat die Here dit toe?

Kom ons kyk saam met Sagaria na die visioen:
Sagaria sien ruiters op perde in ’n mirtebos en die ruiters bring verslag aan die Engel van die Here. En die inhoud van die verslag is: Ons het die hele wêreld deurkruis en alles is stil en rustig”. Maw van die verwagting – op grond van Haggai se preek – dat die Here hulle vyande gaan straf en vernietig het daar nog niks gekom nie. In stede daarvan die verspieders op die perde op oorlog en verwoesting afkom by die nasies wat hulle verdruk het, is alles rustig. En daarom is die volk ongeduldig.

Brs en srs, hoe dikwels beland ons nie ook in moeilike omstandighede nie. Dinge werk net nie uit soos ’n mens gehoop het nie. Jy ervaar nie die seën van die Here soos jy glo Hy ook vir jou beloof het in sy Woord nie. En dan raak ’n mens ongeduldig – jy wil nie meer

wag nie! Die Here moet nou help! Hy moet nou die uitkoms gee – ek kan nie meer langer uithou nie. Voel ons nie ook maar dikwels so nie?
En daarom leer die Here ons vanmore – ons moet wag – die Here sal doen wat Hy beloof het. Sy tyd en ons tyd stem nie altyd ooreen nie.

Maar daar kan ook ŉ ander probleem insluip in hierdie tyd van beproewing en afwagting. Iets wat wel met die volk gebeur het – hulle het opgehou doen wat God hulle beveel het om te doen. Hulle het nie bouwerk aan die tempel voortgesit nie en daarom moes Haggai en Sagaria hulle telkens tot bekering roep en hulle bemoedig om voort te gaan met die werk.

Brs en srs, hoe maklik gebeur dit nie met ons nie. Die Here doen niks aan my situasie nie, Hy help nie, hoekom moet ek bly glo? Hoekom moet ek altyd reg optree terwyl almal rondom my verkeerd doen. Hoekom gaan dit met ongelowige mense goed, maar ek moet swaarkry. Dit is sulke gedagtes wat by ŉ mens begin posvat en jou baie gou verlam.
Daarom sê die Here vir ons: ons mag nooit ophou om aan God gehoorsaam te wees en ons werk as gelowiges te doen nie – al lyk dit ook asof Hy nie reageer nie – ons moet steeds bly volhard – bly werk en bou – dit is ons taak.

Ons mag nie ons opdrag om lig en sout te wees in die wêreld nou ophou verrig nie! Die kerk van die Here moet juis die draers van God se hoop in hierdie wêreld en daarom moet ons volhard en voortgaan met ons roeping in die wêreld. Al lyk dit asof God se belofte van oorwinning uitbly – moet ons geduldig en volhardend voortgaan om lig vir hierdie donker wêreld te wees.

Ook hier in die gemeente van die Here. Terwyl ons wag dat God vir ons die pad aanwys vorentoe moet ons voortgaan om ons taak te verrig as predikant, ouderlinge, diakens en elke lidmaat. Ons moet nie verslap om toegewyd ons dienswerk te verrig nie!

Ons moenie soos die volk ons bouwerk aan God se koninkryk laat staan nie. Dis waarom die Here ons verlede week tot bekering geroep het – dat ons ons eie harte omkeer en besef dat ons moet fokus op die werk wat God

2.Die tweede saak wat Sagaria in sy visioen sien is dat die ruiters aan die Engel van die Here rapporteer. Wie is hierdie engel? Alle verklarings dui daarop dat dit niemand anders as Christus in sy Ou Testamentiese verskyning is nie. En wat is sy rol? Hy tree vir die volk by sy Vader in en vra: “Hoe lank nog voor U die volke gaan straf en u volk gaan seën.”

Geliefde brs. en srs., hierdie is ŉ wonderlike vertroostende openbaring ook vir ons vandag. Dat ons Here Jesus Christus ook nou vir ons intree by die Vader. Ons lees in 1 Joh. 2: 1 Hy is ook ons Voorspraak in die Hemel. Hy pleit namens ons om genade by die Vader. Hy pleit dat God sal optree in belang van sy kinders. Die Here Jesus bid vir jou en my – vir ons gemeente – vir sy kerk!

Hoe geweldig om te weet dat Jesus ook vir my intree. Hoe sal die Vader dan sy Seun se versoeke namens my en vir my weier? Hy sal nie weier nie! Die opgestane Christus is die waarborg dat God sal doen wat Hy beloof het en hier verskyn Christus aan Sagaria om sy volk en vir ons daarvan te verseker.

Daarom kan ons vandag getroos en met krag ons werk bly verrrig! Christus bid vir ons!

3. Op grond hiervan weet ons dat God sy beloftes sal vervul.

Wat beloof die Here vir die volk? Basies drie dinge:

1. Hy beloof dat hy die volk ontsaglik liefhet. Hy sê in vers 13: " Ek is hartstogtelik begaan oor Jerusalem". Geliefdes, watter groter troos kan daar vir ons in moeilike omstandighede wees as om te hoor: "Die Here is hartstogtelik oor ons begaan." Hy het ons met sy hele hart lief en sal ons in liefde versorg. Hieraan moet ons vashou – al lyk ons omstandighede hoe sleg – ons moet bly glo in die liefde van die Here. Daardie liefde het Hy aan die kruis vir ons bewys! Hoekom sal Hy dan nou sy liefde versaak? Hy sal nie!

2. Die Here beloof in die tweede plek dat Hy sy volk se vyande sal straf. Brs. en srs., ons mag nooit self vergeld nie – Die wraak kom God toe en Hy sal die boosdoeners straf. In hierdie lewe of hierna – maar hulle sal hulle straf kry. Ons moet geduldig daarop wag – dit is ook ons troos as ons verontreg word deur die optrede van mense of aan die hand van misdadigers.

3. Die Here beloof dat Hy sy volk sal seën. En wat is die inhoud van hierdie seën? Is dit materiële voorspoed? Nee – dit is dat Hyself weer na hulle sal terugkeer, dat Hy die tempel en Jerusalem sal herbou en die volk oorvloed van sy teenwoordige krag sal gee.

Brs en srs, vir die volk was daardie beloftes baie tasbare seëninge waarna hulle kon uitsien. Vir ons dui dit vandag op God se geestelike inwoning in ons hart deur die Heilige Gees – Hy is mos ons trooster wat by ons bly. Dit dui op geestelike voorspoed en oorwinning. Ons hoef niks en niemand in hierdie wêreld te vrees nie – want God is by ons. Hy is ons krag.

Maar brs en srs, ons moet onthou dat die vervulling van die Here beloftes altyd in fases gebeur – Dit kom nooit alles op een tyd en op een slag nie. So is van hierdie beloftes wel in die volk se tyd vervul – bv. die tempel is voltooi en later is die stad ook weer herbou. Van die beloftes is eers vervul toe Christus as Verlosser gekom het. En van die beloftes sal ook eers vir ons in volkome vervulling gaan as die Here eendag weer kom.

Kom ons wag dan in geloof geduldig op die Here. Kom ons wees gehoorsaam en werk terwyl ons wag. Kom ons vestig op ons hoop op Christus wat vir ons intree – Laat Hy ons verseker. Laat die Heilige Gees ons troos – en ook sal verseker sien – vandag en in die ewigheid dat God sy beloftes vervul.

Amen